gee die donateursgemeenskap die geleentheid om die dag op ons gronde te kom deurbring saam met ons kinders en personeel.

Ons is baie trots op ons 2009 matrikulant wat die jaar Stellenbosch toe is en besig is met sy B.Comm Bestuurswetenskap kursus. Ons kan ons donateurs nie genoeg bedank vir die geleentheid wat hul aan hierdie seun gegee het nie.

Dit is vir ons onmoontlik om iemand of 'n instansie uit te sonder. Almal wat by hierdie kinderhuis betrokke is, maak dit vir ons moontlik om voort te gaan met ons werk in belang van ons kinders en dra ons elke dag. Sonder hierdie wonderlike mense is dit 'n onmoontlike taak.

Ons kan net sê DANKIE, DANKIE, DANKIE!!!!!

Petro Uren
BEMARKER

Die Herberg Kinderhuis
Van Zylstraat 2
Posbus 205
ROBERTSON
6705
Tel 023 626 3140 Faks 023 626 3268

E-Pos: sek@herberg.co.za
Webwerf: www.herberg.co.za

Bankbesonderhede: Herberg Kinderhuis, ABSA Robertson, Rekeningnommer 1200390004
Skenkings aan die kinderhuis is belastingaftrekbaar.

FINANSIËLE STAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 31 MAART 2010
Registrasienommer as organisasie sonder winsoogmerk: 011-891

	2010 R	2009 R
INKOMSTE		
Losiesgelde	12,609	12,072
Donasies en bemakings	2, 467 169	2 258 510
Fondsinsameling	517	61,119
Rente ontvang	11 648	7,692
Erflatings	100 000	31 955
Versekeringseise		5,000
Wins met verkoop van vaste bates	5 000	
Toekenning: Badisa Bestuursprogram	26 750	
Toekenning: NLDTF	300 000	399,309
Subsidie	2,562 000	2 357 772
BEDRYFSINKOMSTE	5,485 693	5 133 384
UITGAWES		
Salarisse	2,377 955	2,409 002
Vervoeruitgawes	211 492	157 121
Kantooruitgawes	595 808	484 770
Grond en geboue	253 371	303 820
Huishoudelike uitgawes	1,376 722	1,126 807
Spesiale dienste	77 664	126 098
UITGAWES		
VOOR WAARDEVERMINDERING	4 893 012	4,607 618
Waardevermindering	68 659	106 805
Min: BEDRYFSUITGAWES	4,961 671	4,714 423
BEDRYFSWINS VIR JAAR	524 022	418 961
Min: KAPITALE UITGAWES	282 432	258 525
NETTO SURPLUS	241 590	160 436

Die volledige state is by die Herberg Kinderhuis beskikbaar.

Jaarverslag geborg deur Robertson Print Media

Die Herberg Kinderhuis

JAARVERSLAG

'N PROGRAM VAN BADISA WES-KAAP

1 APRIL 2009 - 31 MAART 2010

Ons bou lewens

MEER OOR ONS: Die Herberg Kinderhuis in Robertson bied al sedert 1918 'n veilige hawe waar sorgbehoewende kinders van die Wes- en Suid-Kaap versorg word toe dit ontstaan het om weeskinders as gevolg van die destydse griep-epidemie te versorg. Vandag huisves ons 122 kinders vanuit verskillende agtergronde van geboorte tot 18 jarige ouderdom, wat deur die kinderhof in ons sorg geplaas word. Die minderheid is wees. Ons bied ook in noodgevalle 'n 48 uur veiligheidsplasing totdat toepaslike sorg vir 'n kind gevind kan word.

Die meeste van die kinders se ouerhuislike omstandighede word gekenmerk deur 'n verskeidenheid maatskaplike probleme, waaronder drank- en dwelmmisbruik, psigiese onstabiliteit, gesinsgeweld, seksuele molestering, gedragsprobleme, moord, verkragting, armoede, vigs-sterftes, ens. Vandaar die missie van die kinderhuis.

Die Herberg is 'n BADISA-program (Diens van Barmhartigheid van die NGK en VGK) en ontvang soos altyd kundige advies en leiding van die Bestuurspan. Twee keer per jaar publiseer die kinderhuis 'n nuusbrief en daar is volledige inligting oor ons werksaamhede op ons webwerf.

Die Herberg is baie geseënd met kundige en waarlik toegewyde personeel, 'n onbaatsugtige vrywilligerkorps, biddende ondersteuners, mooi en lewenslustige kinders en 'n wakende hand van die Skepper.
Uit die kantoor van die Hoof: Lettie Visser

MISSIE: Gebaseer op 'n Christelike grondslag bied die Herberg Kinderhuis 'n omvattende residensiële versorgings- en ontwikkelingsprogram aan sorgbehoewende kinders ten einde hul potensiaal en vaardighede te ontwikkel. Ons leef die waardes van diensbaarheid, geregtigheid, rentmeesterskap en uitnemendheid uit. Dit word nagestreef deur:

- die skep van 'n veilige terapeutiese omgewing;
- volgehoue skakeling met ouers en gesinne om die familieband te behou;
- indiensneming van opgeleide personeel en toegewyde vrywilligers;
- sluit van vennootskappe met ondernemings, gemeenskapsorganisasies en staatsdepartemente;
- die toepassing van gesonde sakebeginsels om die lewering van 'n volhoubare, hoë standaard diens te verseker;
- voorsiening in die fisiese, emosioneel psigiese, geestelike, opvoedkundige en sosiale behoeftes van ons kinders uit 'n Christelike oogpunt.

VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE BEHEERRAAD: 2009 – 2010 was 'n besonderse jaar. Die positiewe interaksie tussen die personeel, kinders en die bestuurder sorg vir 'n warm milieu sodra jy by die kinderhuis instap. Ek wil graag vir die hoof, Lettie Visser, die kinders en personeel hiermee gelukwens. Verder wil ek die donateurs opreg bedank vir elkeen se bydrae, want daarsonder kan hierdie huis nie funksioneer nie!

Die Beheerraad is vergroot met fyn-geselekteerde nuwe lede om die bestuur en besluitnemingsprosesse so oordeelkundig en vlot moontlik te laat verloop. Dr Dirk Heyneman het bedank as lid na jarelange onbaatsugtige en waardevolle diens; ons wens hom en sy vrou 'n geseënde aftrede toe.

Die Beheerraad-werksaamhede vind plaas in die volgende ses subkomitees: Dissiplinêr (Adriana Albertyn en John Alexander); Vakkundig (Adriana Albertyn en Andrew Lukas); Finansieel (Wynand Barnard en Alwyn du Plessis); Batebestuur (Liz de Vries, James Tyhaliti en Almo Zietsman); Bemarking/Fondswerwing (Liz de Vries en Anton Conradie) en Personeel (John Alexander, Marius Joubert en Martin Booysen). Daarbenewens dien Almo Zietsman en Wynand Barnard saam met die hoof as trustees op die Strandhuis Trust, en Alwyn du Plessis op die Wingerd Trust. Die hoof behartig die sekretariaat van vergaderings wat plaasvind, en Alwyn du Plessis is verkies tot vise-voorsitter van die Beheerraad.

BADISA is 'n samestelling van 3 Afrikaanse woorde: Barmhartigheid, diens en saam. Dis ook 'n Tswana woord vir Herder of Versorger - wat 'n perfekte beskrywing van Die Herberg!

Die nuwe visie en missie vir die Herberg is 'n refleksie van nuwe, innoverende denkrigtings om na beter te streef. Op ons lewensreise word geen retoerkaartjies uitgereik nie – slegs herinneringe. Ek doen dus 'n beroep op u om blywende herinneringe te skep met u betrokkenheid by die Herberg.
Liz de Vries
VOORSITTER

ONS KINDERS: Vanjaar het ons 'n totaal van 146 kinders in Die Herberg versorg, heelwat meer as laasjaar. Daar was 70 aansoeke om opname ontvang waarvan net 18 kinders toegelaat kon word, en die ander ongelukkig nie, vanweë nie-beskikbaarheid van vakatures. Daar is altyd 'n waglys om opname.

Plaaslike skole word soos volg bygewoon: Vier by die pre-primêr, 27 by die voorbereidingskool, 40 in laerskole en 13 in hoërskole. Die kleuterafdeling versorg 14 kinders waarvan drie babas is. Kinders met spesiale onderrigbehoeftes word skolasties opgevoed by De Villiersskool, Robertson (5) en aangery na Weskusskool, Saldanha (10), De Grendelskool, Milnerton (2) en Alta du Toitskool, Kuilsrivier (7) waar hul kosgangers is. Onderwyserverslae word bygewerk by die individuele ontwikkelingsplanne van die skoolgaande kinders; daar is goeie kommunikasie tussen onderwysers en personeel danksy gereelde skakeling. Heelwat van ons kinders het skolastiese agterstande en woon naskools hulpklasse by. Ons hoop om ons vrywilligerkorps wat leerders namiddae by die kinderhuis met huiswerk kan kom help, verder uit te brei.

Ons is trots op ons kinders se prestasies en hulle word aangemoedig om deel te neem op sportgebied, aan kultuuraktiwiteite en kunste. Die kinderhuis het ses junior Boland stoeiers opgelewer en twee van ons kinders het kwalifiseer om rugby- en hokkie-kampe by te woon. Een laerskooldogter het goud (91%) gekry vir haar gedig wat sy by die Eisteddfod voorgedra het, en 'n ander laerskooldogter was die Victrix Ludorum vir haar atletiekprestasies. Ons het 'n paar talentvolle kunstenaars en hoop om in die volgende jaar kunsonderrig plaaslik vir hul te kan beding.

Welwillende groepe of individue uit die gemeenskap bied ontspanningsgeleenthede by die kinderhuis of elders aan die kinders, en so is daar allerhande interessante belewenisse meegemaak wat hul leefwêreld verryk. Ons was ook bevoorreg om ons versorgingspersoneel en senior leerders te neem na 'n opvoering van Vaselinetjie in Kaapstad - 'n drama wat afspeel in 'n kinderhuis.

Gesondheid en algemene welsyn vorm 'n integrale deel van die omvattende sorgprogram by die kinderhuis. Kinders ontvang drie gebalanseerde maaltye per dag, asook kospakkies vir skool. Kospakkies word vakansies saamgegee huis toe waar nodig. Ons kinders maak van staatsgesondheidsdienste gebruik, maar daar word soms privaatgesondheidsorg aangekoop. Die kinderhuis beskik oor 'n effektiewe noodplan. Ons het daarin geslaag om die boekjaar 'n veilige en gesonde omgewing vir ons kinders te skep ten einde hul te help ontwikkel tot verantwoordelike en gelukkige volwassenes.

Die kinders word in sewe afsonderlike huise (drie vir seuns; drie vir dogters en een vir babas en kleuters) versorg wat almal in die groot geboukompleks van Die Herberg gehuisves word.

Ons naweek- en vakansie-ouers bied aan talle kinders die geleentheid om ook soms deel te wees van 'n gesinslewe en hierdie kosbare vrywilligerkorps het gegroei hierdie jaar. Daar is egter steeds heelwat kinders wat vakansietye in die kinderhuis deurbring omdat hul geen ander heenkome het nie. Interessante vakansieprogramme word vir hul aangebied wat ontspannings- en ontwikkelingsgerig is.

PERSONEEL: Die Herberg het 36 personeellede in diens. Die dag tot dag se bestuur van die kinderhuis staan onder die beheer van Lettie Visser (hoof) en haar Bestuurspan wat bestaan uit Betsie van Zyl (versorgingsbestuurder), Petro Uren (bemarker), Jeanette Rose (boekhouer) en Malinda Coetzee en Carisa Siemens (maatskaplike werkers). Die res van die omvattende dag- (en nag-) versorgingstaak word behartig deur 10 kinderversorgers: Marlene le Roux (Huis B), Elsabe Milstein (Huis C), Chrisma Theart (Huis D), Bettie Thomas (Huis E), Christel Hall (Huis F), Riana Brits (Huis G), Esde Muller (Kleuter en Baba-afdeling) en drie aflos kinderversorgers: Gerald Mariti (seunshuise), Yolanda Kintu (dogtershuise) en Christina Albertus (Kleuters en Babas) en een assistent-kinderversorger: Chrissie Kemoetoe (Kleuters en Babas). Hulle hande word gesterk deur 'n verskeidenheid huishoudelike personeellede: die kombuis (Tilana Wolfaardt, Ursula Kleintjies en Johanna May), waskamer (Carol Evertson, Mattie Januarie en Ursula October), store (Elize Sauls, Bettie Michaels, Speseline Fredericks), skoonmaakdienste (Gina Kestoor, Annemarie Meyer, Stella Arends, Gladys van Rooyen) en terreindienste (Filemon Keyster en Floors Evertson) wat onder leiding van die faktotum Coba van Zyl funksioneer. Die administratiewe dienste in die kinderhuis word verrig deur Christien Solomon (ontvangs/sekretaresse) en Louise Abrahams (vakkundig).

Daar is nege personeellede wat meer as 10 jaar diens het; Bettie Michaels hou die rekord met haar 35 diensjare.

In die afgelope jaar is die eerste keer manlike kinderversorgers aangestel. Een (Rudolf Valentyn) het ons na 'n paar maande verruil vir die Polisiediens, maar Gerald Mariti wat ses tale kan besig het hom vervang en is vir ons 'n aanwins.

VRYWILLIGERS: Vrywilligers vorm 'n belangrike skakel in nie-winsgewende organisasies om die uiteindelike doel van die organisasie te bereik. Die afgelope jaar het meer vrywilligers hul dienste beskikbaar gestel as ooit en die personeel is ondersteun deur die praktiese hulp van 'n groep aktiewe betrokkenes wat op 'n verskeidenheid maniere by verskillende programme en aktiwiteite in die kinderhuis betrokke geraak het. Hul lewer diens as vakansie-ouers, neem godsdiens waar met personeelvergaderings, staan kinders by t.o.v. leeragterstande en hulp met huiswerk, leer handvaardighede aan ons kinders, verleen hulp met uitsorteer van klerestoor, werk naamstrokies aan, rig sport af, bied ontspannings- en godsiensprogramme aan, ens. Hul word gekeur aan hand van hul bevoegdheid, belangstellings en vaardighede, en word dienooreenkomstig aangewend. Vier Duitse vrywilligers het vanjaar vrywillige diens kom doen in die kinderhuis. Hulle was nuttig ingespan vir 'n verskeidenheid take, wat die sorgprogram van die kinderhuis op 'n interessante anderstalige manier aanvul.

Ons het groot waardering vir hierdie mense wat sonder enige vergoeding, bereid is om onbaatsugtig hul kennis te kom deel en hul tyd op te offer om 'n diens in die kinderhuis te kom lewer.

TERAPEUTIESE DIENSTE: Terapeutiese dienste in die kinderhuis word deur twee voltydse maatskaplike werkers gelewer. Hierdie program is gefokus op die hantering van trauma en ontwikkelingsareas in elke kind se lewe. 'n Volledige assessering word na die opname van elke kind gedoen waarna die multi-dissiplinêre span die kind se ontwikkelingsplan opstel. Tydens die assessering word nie net die ontwikkelingsareas van die kind geïdentifiseer nie, maar ook die kind se sterkpunte en belangstellings. Met inagneming van bogenoemde word 'n holistiese benadering gevolg waarbinne die kind se behoeftes op fisiese-, emosionele-, geestelike- en opvoedkundige vlak aangespreek word en lewensvaardighede ontwikkel word. Daar word altyd sterk op gesinsherenigingsdienste gefokus. Gedurende die afgelope jaar is altesaam 29 kinders herenig met hul gesin of familie van oorsprong. Alle dienste vanuit die terapeutiese afdeling het een doel voor oë - om die minsbeperkende, mees bemagtigende diens aan elke kind te lewer!!!! Baie dankie aan elkeen wat ons hierin ondersteun.

KOSTE: Die maandelikse versorgingskoste per kind beloop in die afgelope boekjaar R3 317, terwyl die staat (Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling) aanvanklik R1700 en later in die boekjaar R1 800 per kind maandeliks subsidieer het. Fondswerwing om tekorte te ondervang geskied deurlopend, en alhoewel die kinderhuis gelukkig is om een bemarker/fondswerwer in diens te hê, is die hele personeel aktief gemoeid met positiewe openbare skakeling. Om die kinderhuis se maandelikse uitgawes te kon dek, moes ons R1 517 en R1 617 self maandeliks vir elke kind genereer.

Ons moes die afgelolpe jaar uiteindelik die kinderhuisterrein omhein vanweë 'n groeiende veiligheidsrisiko. Danksy die DG Murray Trust en ander borge kon die projek betaal word. Die huidige kinderhuisgebou is 30 jaar oud; die warmwatersilinder-stelsel moes opgradeer word en dit kon ook begin word. In die volgende boekjaar beoog ons om die rugbyveld op die kinderhuisterrein te herstel tot sy vorige glorie; die huidige speelterrein vir die kinders is te beperk.

FONDSWERWING: Dit was 'n jaar wat groot finansiële spanning teweeg gebring het as gevolg van die wêreldwye ekonomiese resessie. Selfs instansies soos Die Herberg Kinderhuis word ook negatief beïnvloed hierdeur. Die LOTTO meevaller laat in die afgelope boekjaar het die tekort op die begroting verlig, maar die kinderhuis is reeds in kennis gestel dat geen LOTTO gelde in die huidige boekjaar aan BADISA programme uitbetaal gaan word nie.

Ons kan egter terugkyk na 'n jaar vol seëninge waarvoor ons net ons Hemelse Vader kan bedank. Die welwillende mense wat Hy oor ons pad stuur laat ons telkens verstom.

Die debietorder-projek het hierdie jaar die bedrag van R250 281 ingevorder. Net sodra moedeloosheid intree as iemand sy debietorder kanselleer, stuur Hy weer iemand anders om ons moed te gee. Elke jaar teen November word daar 'n kersliggie-projek geloods. Hierdie jaar het dit R39 000 ingebring. Dit is wonderlik om te sien dat die bedrag ook jaarliks groei om 'n verskil te maak in ons kinders se lewens.

Vir ons was een van die hoogtepunte die kermis wat die kinderhuis aangebied het gedurende Maart 2010. Dit het die kinders sowel as personeel ingebind tot 'n gemeenskaplike doel van fondswerwing en bekendstelling van die kinderhuis. Die gemeentes wat betrokke was en bereid was om te help het dit vir ons moontlik gemaak om die bedrag van R46 564 in te vorder. Ons wil die projek jaarliks loods en is positief dat dit ook 'n projek sal wees wat sal aanhou groei. Dit